**7 NOVEMBER SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:81-96**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:89-90 & 96**

**God se woord en sy trou is sonder perke**

Die Psalmdigter se gebed bereik nou 'n hoogtepunt. Daarom kom die *wanneer*?-vraag in sy smekende gebed na vore: *"Wanneer gee U tog vir my uitkoms?"* (vs. 82) en ook die *"hoe lank?"*-vraag: *"Hoe lank moet ek nog so lewe?"* (vs. 84). Hy sê hy lewe maar hy is *"verskrompel soos 'n velsak in die rook"* (vs. 83). Daarom smag hy na verlossing uit die verleiding van die hovaardiges (vs. 85). Die eintlike rede vir sy redding vind hy in God se liefde (vs. 88). Daarom beklemtoon hy sy vertroue op die woord van God. God se woord en sy trou staan vas (vs. 89-91). Dit is op grond van God se woord wat vasstaan en wat oral en altyd geld, dat die mens in sy swaarkry geduldig kan volhard. Dit is God se woord waaraan jy vashou wat keer dat jy nie van moedeloosheid omkom nie (vs. 92-93). Die woord van God is die anker, die bron vir die krag van jou gehoorsame optrede as kind van God. As jy rondom jou kyk sien jy dat alle dinge perke het, selfs die volmaaktheid, maar dit geld nie vir God se gebod nie (vs. 96). God se woord kan nie ingeperk word nie, dit is sonder grense. Op hierdie sekerheid kan jy jou hoop en jou verlossing bou in tye van nood en ellende.

*Sing: Psalm 119:8, 9, 10 (TT Cloete)* *Dr Nico van der Merwe (Emeritus)*